

*De Belijdenisschriften volgens artikel X van die Kerkorde van de Nederlandse Hervormde Kerk*, Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage 1957, 262 blz.

Van die hand van die bekende Leidse hoogleraar prof. J. N. Bakhuizen van den Brink, wat deur sy geskrifte ook hier te lande geen onbekende in nie, het die Belydenisskrifte van die Nederlandse Hervormde Kerk 'n nuwe, moderne vertaling beleef. Die doel van die uitgawe was om die taal en sinsbou van die Belydenisskrifte in die hedendaagse nederlands te vertaal sodat dit begryplicher sal wees as die vorige, ou vertaling. Inhoudelik is geen veranderinge aangebring nie.

Die boekie word in drie groot dele verdeel nl. 1. Die Algemene Geloofsbelydnisse, 2. Die Formuliere van Eenheid, 3. Die Kategismus van Genève wat in Nederland vanouds af geld as Belydenisskrif vir die franssprekende gemeentes van die Kerk. By elk van die stukke gaan 'n toeligtig vooraf wat die herkoms en ook die kerklike gebruik van die betrokke stuk aandui.

Die nuwe vertaling is van hoë gehalte en die stukke lees maklik en is seker begryplicher as die ou vertaling waar by voorkeur van 'n hoofsin met talle bysinne gebruik gemaak is. Kort selfstandige sinne en die vervanging van woorde wat in onbruik geraak het, het die Belydenisskrifte makliker verstaanbaar gemaak vir die moderne mens. In sommige gevalle is hierdie nuwe nederlands vertaling ook vir die afrikaanssprekende miskien makliker verstaanbaar as die huidige Afrikaanse vertaling wat op die lees van die ou, nederlands vertaling geskoei was. Terselfdertyd is die aangehaalde tekste uit die Bybel nou ook in ooreenstemming met die nuwe vertaling van die Nederlandse Bybel gebring. Hierdie werkie is inderdaad 'n duidelike bewys van hoe goed die Belydenisskrifte stilisties verbeter en duideliker vertaal kan word. 'n Sorgvuldige bestudering van hierdie uitgawe kan miskien daartoe lei dat hier in Suid-Afrika ook aandag gegee sal word aan die noodsaak om ons Belydenisskrifte en daarby die Formuliere stilisties te verbeter en opnuut te vertaal.

Die feit dat die Kategismus van Genève van Johannes Calvyn hierin in die nuwe vertaling beskikbaar gestel word, maak hierdie uitgawe wel van belang juis omdat hierdie Kategismus hier byna onbekend en net so moeilik bekombaar was.

Graag wil ek hierdie deeglike stuk vertaalwerk aanbeveel en die hoop uitspreek dat hierdie uitgawe in ons land nie onopgemerk verby sal gaan nie.

A. D. PONT.